



CRF LEDENUUSBRIEF – APRIL 2021 – 1STE UITGAWE

BESTE LID

Die gewildste woord in die pensioenfondsbedryf tot dusver in 2021 is aftreehervorming. Die hoofartikel op hierdie bladsy is ter herinnering aan wat hierdie nuwe wetgewing, wat op 1 Maart in werking getree het, behels en hoe dit jou by aftrede raak.

Die pandemie is ongelukkig steeds in volle swang en ons moes daarmee saam ons kommunikasiel kalender aansienlik aanpas. Ons jaarlikse skakeltoere moes gekanselleer word, en in plek daarvan het ons in Maart virtuele ledesessies aangebied. Ons het die Finansiële welstand- en Trusteetoer gekombineer om hierdie een groot virtuele aanbodieng te doen.

Lede kon die sessies op Facebook of MS Teams volg. Dankie aan diegene wat by die virtuele werksinkels aangesluit het – die bywoning was baie goed!

Dit was my voorreg om lede by hierdie geskiedkundige geleentheid te verwelkom, en vir diegene wat dit nie kon bywoon nie, is hier 'n paar belangrike punte wat ek in my openingstoespraak aangeraak het:

Tree in die Fonds af – nuwe wetgewing wat in 2019 in werking getree het, het aan lede annuïteitopsies gegee om selfs ná aftrede in die CRF aan te bly. Die CRF Raad het onlangs Reëlwysiging 11 goedgekeur, wat daarvoor voorsiening maak dat gades van oorlede lede in die Fonds kan bly. Kontak asseblief die CRF aftreevoordeel raadgewers by 0861 273863 om uit te vind wat jou opsies is.

Verstek Lewenstadium-beleggingstrategie – as jy nie jou eie beleggingskeuses wil maak nie, sal die Trustees dit namens jou doen om jou geld teen onbestendige markte te beskerm namate jy ouer word. Indien jy jou eie beleggingskeuses wil maak, maak asseblief seker dat jy weet watter portefeulje om te kies, aangesien dit jou verantwoordelikheid word om jou beleggingstrategie te bestuur. Ná die ouderdom van 50 jaar kan jy jou geld na minder aggressiewe portefeuljes verskuif, soos die Gematigde en Geldmarkportefeulje, om jou voordeel te beskerm namate jy aftrede nader. Verwys asseblief na die April/Mei 2020-nuusbrief op die webwerf waar jou beleggingsopsies in groot detail beskryf word, of tel bloot die telefoon op en bel ons as jy meer inligting nodig het.

Aggressiewe Portefeulje – hierdie portefeulje is in November 2019 bekend gestel vir jonger lede wat nog ver van aftrede af is. Alle lede het die opsie om hierdie portefeulje te kies, maar moet finansiële advies ontvang voordat hulle toegang daartoe kan kry.

In die tweede deel van my aanbieding het ek voorgeskrewe bates in besonderhede bespreek. Vreesaanhitsers kry blykbaar steeds reaksie onder sommige van ons lede en beweer dat hierdie regulasies oor voorgeskrewe bates gaan, maar dit verskaf in werklikheid meganismes vir pensioenfondse om in infrastruktuur en alterniewe te belê.

Voorgeskrewe bates – dit moet nie meer 'n rede tot kommer wees nie

Die kern van my boodskap was dat Konsepregulasie 28 op 26 Februarie vir kommentaar gepubliseer is en dat kommentaar op 29 Maart gesluit het. Die belangrikste kenmerke van die konsepregulasies sluit in:

- 'n Definisie van wat infrastruktuur is;
- Skei verskansingsfondse van privaat ekwiteit. Privaat ekwiteit is nou 'n bateklas op sy eie, terwyl verskansingsfondse en privaat ekwiteit in die verlede saamgevoeg was;

- Die algehele limiet vir belegging in alternatiewe in Suid-Afrika is van 35% tot 45% verhoog, met 'n verdere 10% in Afrika;
- Regulasie 2(c) word gewysig om 'n Raad van Trustees te verplig om alle nodige voorsorgmaatreëls te tref wanneer 'n besluit oor 'n belegging in infrastruktuur geneem word;
- Laastens vereis die konsepregulasies dat kollektiewe beleggingskemas nou op 'n deursigtige manier verslag moet doen. Met ander woorde, reëlmatige bonusse en lewenspolisbeleggings moet vermeld hoeveel in infrastruktuur belê is en die bedrag aandui.

Ek het daarna die feit beklemtoon dat dit raadsaam is om in alternatiewe te belê, om die volgende redes:

1. Met verloop van jare het 'n aantal maatskappye gedenoteer op die JSE en baie min opsies gelaat om plaaslik te belê.
2. Om in die buiteland te belê, is nie altyd in Suid-Afrika se beste belang nie, aangesien internasionale maatstawwe grootliks aan die VSA gekoppel is.
3. 'n Belegging in privaat ekwiteit en infrastruktuur laat ons dus toe om tot die ontwikkeling van ons eie ekonomie by te dra. Wanneer ek van infrastruktuurprojekte praat, verwys ek nie na SAL of Eskom nie, maar na produktiewe infrastruktuur wat opbrengste oplewer. Wanneer jy dan aftree, tree jy nie in 'n onbekende area af nie.
4. CRF het reeds 18,4% in alternatiewe belê, waarvan 7,4% infrastruktuur is, sonder om opbrengste in te boet. Weer eens versoek ons jou dus om nie paniekbevange te raak nie.

Ek het my aanbieding afgesluit deur lede te verwys na die finansiële state vir die afgelope finansiële jaar wat op 30 Junie 2020 geëindig het. Die groei in die Fonds was eksponensieel. In een jaar, vanaf Junie 2019 tot 30 Junie 2020, het ons bates met meer as R2 miljard gestyg – vanaf net meer as R27 miljard tot meer as R29 miljard. Die Fonds se bates het voorts ook selfs meer gegroei en was teen die einde van Februarie 2021 bykans R32 miljard.

'n Afskrif van die aanbieding is op die webwerf beskikbaar vir maklike verwysing.

Lees asseblief jou nuusbrieff

Hierdie nuusbrieff is propvol nuus om jou op hoogte te hou van wat in jou Fonds gebeur en gebeur het. Lees dit asseblief – dit is die mees doeltreffende manier vir ons om spesifiek met jou te kommunikeer, aangesien Covid-19-bepenkings ons verbied om in groot groepe te vergader. Abraham Lincoln het gesê: Die beste manier om jou toekoms te voorspel, is om dit te skep. Die eerste stap om jou aftreespaargeld te beveilig, is om op hoogte te bly sodat jy ingeligte besluite kan neem.

Ons leef nou reeds langer as 'n jaar saam met hierdie pandemie, maar soos ek vroeër gesê het: dink ek dit gaan nog 'n rukkie wees totdat alle beperkings opgehef word. Intussen wil ek julle almal vra om na julself om te sien: dra asseblief 'n masker, bly weg van groot byeenkomste en was julle hande so dikwels as wat julle kan.

Soyisile Andreas Mokweni

Voorsitter

AFTREEHERVORMING – IS JY OP HOOGTE?

Aftreehervorming wat op 1 Maart 2021 in werking getree het, bepaal dat alle voorsorgfondse aftreevoordele as 'n eenderde-kontantvoordeel moet uitbetaal, en tweederdes moet gebruik word om 'n maandelikse pensioen te koop.

Die kern van die nuwe regulasies is dat lede in voorsorgfondse nie meer by aftrede hulle volle fondswaarde as 'n enkelbedragbetaling kan neem nie. Jy sal onthou dat hierdie hervorming oorspronklik op 1 Maart 2016 in werking sou tree, maar die Nasionale Tesourie het drie verstekregulasies geïmplementeer wat daarop gemik was om

aftree-uitkomst vir alle lede te verbeter en dit vir lede makliker te maak om vir hulle aftrede te spaar. Alle aftreefondse wat voor 1 September 2017 geregistreer was, het tot 1 Maart 2019 gehad om hierdie verstekstrategie in te stel. Die CRF het daaraan voldoen en seker gemaak dat die volgende verstekregulasies geïmplementeer is:

Vastebdraefondse moet 'n verstekbeleggingstrategie bied aan lede wat nie 'n beleggingskeuse uitgeoefen het nie. Die CRF het die verstekbeleggingsopsie (Groeiportefeulje) vanaf 1 Julie 2019 met 'n Lewenstadium-beleggingstrategie vervang. Die Lewenstadium-beleggingstrategie beperk lede se beleggingsrisiko na gelang van hulle ouderdom en hoe naby aan aftrede hulle is. Hierdie opsie is spesifiek vir lede wat nie gemaklik voel om hulle eie beleggingskeuse uit te oefen nie en sal verkies dat die Fonds namens hulle beleggingskeuses maak.

Lede wat die diens van hulle werkgewer verlaat, moet toegelaat word om hulle spaargeld in die Fonds te bewaar. Hierdie opsie was nog altyd tot CRF-lede se beskikking en stel lede wat die diens van die munisipaliteit verlaat, in staat om hulle aftreespaargeld teen 'n minimale administrasiefout in die Fonds te hou. Hulle geld bly dan in die Fonds belê in ooreenstemming met die beleggingstrategie wat hulle gekies het.

Fondse moet 'n Annuïteitstrategie hê sodat lede wat aftree 'n maandelikse pensioeninkomste kan kry as hulle wil. Hoewel hierdie regulasie slegs van fondse vereis dat een pensioenopsie gegee moet word, het die CRF drie verskillende pensioenopsies (annuïteitopsies) by aftrede beskikbaar gestel om lede toe te laat om hulle behoeftes by aftrede te evalueer en 'n pensioenopsie te kies wat die beste by hulle individuele aftreebehoefte pas. Kom ons kyk na jou fonds se annuïteitopsies:

Infonds-Pensioenopsie (verstekopsie). Hierdie opsie is vir jou indien:

- Jy 50 jaar of ouer is
- Jy 'n maandelikse inkomste wil ontvang todat jy sterf
- Jy wil hê dat jou gade moet voortgaan om 'n lewenslange pensioen te ontvang nadat jy gesterf het
- Jy voorsiening wil maak vir 'n enkelbedrag uitbetaling na jou en jou gade se afsterwe, mits die totale bedrag reeds uitbetaal aan jou maandelikse pensioen nie die oorspronklike beleggingsbedrag oorskry nie.
- **In-fonds-Lewendeannuïteitopsie – jou onttrekkingskoerse word op grond van jou ouderdomsgroep deur die Trustees bepaal. Hierdie opsie is vir jou indien:**

- ✓ Jy 50 jaar of ouer is
- ✓ Jy wil kies hoe jou geld belê word binne die huidige beleggingsportefeuljes wat in die CRF beskikbaar is
- ✓ Jy sterf en wil hê dat jou gade die opsie moet hê om voort te gaan om 'n maandelikse pensioen te ontvang of die voordeel te onttrek wat as 'n enkelbedrag in kontant aan hom/haar toegewys is.

• **Buite-fonds-Lewendeannuïteitopsie. Die opsie is vir oorweging indien:**

- ✓ Jy jou maandelikse inkomste wil bepaal deur jou eie onttrekkingskoerse te kies omdat die Infonds-Lewendeannuïteit se onttrekkingskoerse nie vir jou behoeftes geskik is nie
- ✓ Indien jy sterf, jy wil hê dat jou beskikbare fondswaarde aan jou begunstigdes betaal word soos op jou nominasievorm aangedui word, en nie ingevolge artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse nie.
- ✓ Jy besef het dat die Infonds-pensioenopsie en die Infonds-Lewendeannuïteitopsie nie vir jou aftreebehoefte geskik is nie.

Met die bekendstelling van hierdie annuïteitopsies het die CRF ook aftreefondsaadgewers aangestel wat beskikbaar is om die verskillende opsies in detail aan jou te verduidelik. Met jou toestemming sal die aftreefondsaadgeweres jou na Portfolium (die Fonds se aangestelde finansiële adviseurs) verwys om aan jou 'n gedetailleerde aftreeplan te verskaf en jou advies te gee oor die beste aftreeopsie om by jou individuele behoeftes te pas.

Die laaste strategie, wat verseker dat alle lede vir 'n maandelikse pensioen voorsiening maak, het op 1 Maart 2021 in werking getree. Dit beteken dat alle voorsorgfondse soos die CRF dieselfde annuïtiseringsreëls as pensioenfondse sal moet implementeer. Hierdie verandering beteken dat lede by aftrede die opsie sal hê om hoogstens eenderde van hulle voordeel as 'n enkelbedrag in kontant te neem, en die oorblywende tweederdes van die voordeel sal gebruik word om 'n maandelikse pensioen te kry. Verandering is nooit maklik nie, maar dit is belangrik om nie oorhaastige besluite te neem en jou geld te onttrek nie. Hierdie veranderinge is geïmplementeer om seker te maak dat lede 'n inkomste het wanneer hulle aftree. Lede se gevestigde regte sal egter beskerm word.

Wat is jou gevestigde regte?

- Enige fondswaardes wat tot 1 Maart 2021 in die Fonds gespaar is, sal nie geraak word nie en kan steeds by aftrede in 'n enkelbedrag in kontant geneem word.
- As jy op 1 Maart 2021 55 jaar en ouer is, sal jy nie deur hierdie verandering geraak word nie, mits jy 'n lid van dieselfde voorsorgfonds (of voorsorgbewaringsfonds) bly. Dit beteken dat die aftreevoordeel op dieselfde manier hanteer sal word as lede tans aftree. As hierdie lede na 'n ander fonds oorplaas, sal hulle steeds gevestigde regte hê, maar bydraes tot en groei in die nuwe fonds sal as 'n eenderde enkelbedrag in kontant betaal word, en tweederdes moet gebruik word om by aftrede 'n pensioen te koop.
- Lede wat 'n fondswaarde van minder as R247 500,00 by aftrede geakkumuleer het, sal ná 1 Maart die volle voordeel as 'n enkelbedrag in kontant kan neem.

As jy verdere inligting oor bogenoemde wil hê, kontak asseblief die Fonds en vra om met 'n voordeelraadgewers te praat of versoek 'n virtuele opleidingsessie.

Ken jou voordele! Hersien asseblief jou risikovoordede kategorie voor 30 April

Weet jy aan watter van die volgende risikovoordede kategorieë jy behoort?

Indien nie, weet jy ook nie hoeveel sterfte-, ongeskiktheids- en gevreesdesiekte-dekking jy het of hoeveel jy vir jou risikodekking betaal nie. Let asseblief daarop dat die volgende ook saam met jou risiko kategorieekoste van die werkgewer se bydraes afgetrek word: Begrafniskoste: R31,44, administrasie- en fondskommunikasiegeld: R57,71, en algemene fondsuitgawes wat tot 0,20% van jou pensioendraende salaris per maand beloop. Die bedrag wat oorbly ná hierdie aftrekking is wat jy vir jou aftrede spaar.

Die vrae om te vra, is dus:

- Wat sal met jou afhanklikes gebeur wanneer jy sterf?
- Het jy al die dekking nodig wat jy het, of het jy dalk nog nodig?
- Is jou doelwit eerder om meer vir aftrede te spaar?

Wel, dit is nou die tyd van die jaar om jou risikovoordede te hersien en te besluit of jy genoeg of te veel dekking het. As jy nou heeltemal oorweldig voel deur al hierdie vrae en nie seker is watter risikodekking jy het nie, kontak ons asseblief om uit te vind.

Hier is 'n kort opsomming van die sewe risikovoordede kategorieë wat tot jou beskikking is:

Risikodekkingskategorie	Doodsdekking betaalbaar aan jou afhanklikes indien jy sterf	Ongeskiktheidsdekking	Gevreesdesiekte-dekking
A Koste 3%	'n Enkelbedrag van 4,35 x die jaarlikse pensioendraende salaris plus lid se aandeel	'n Enkelbedrag van 4,35 x die jaarlikse pensioendraende salaris plus lid se aandeel	'n Enkelbedrag van 0,75 x die jaarlikse pensioendraende salaris

B Koste 5%	'n Enkelbedrag van 7,35 x die jaarlikse pensioendraende salaris plus lid se aandeel	'n Enkelbedrag van 4,70 x die jaarlikse pensioendraende salaris plus lid se aandeel	'n Enkelbedrag van 0,75 x die jaarlikse pensioendraende salaris
C Koste 2%	'n Enkelbedrag van 4,70 x die jaarlikse pensioendraende salaris plus lid se aandeel	Slegs lid se aandeel sal betaal word – geen addisionele dekking nie	'n Enkelbedrag van 0,75 x die jaarlikse pensioendraende salaris
D Koste 0% (slegs beskikbaar vir lede van ouer as 50 of raadslede)	Slegs lid se aandeel sal betaal word	Slegs lid se aandeel sal betaal word – geen addisionele dekking nie	Geen dekking nie
E Koste 2,95%	'n Enkelbedrag van 4,25 x die jaarlikse pensioendraende salaris plus lid se aandeel	'n Maandelikse inkomste-ongeskiktheidsvoordeel van 75% van jou pensioendraende salaris, onderhewig aan 'n maksimum van R200 000 per maand. Jy sal voortgaan om 9% of 7,5% tot aftreebefondsing by te dra	'n Enkelbedrag van 0,75 x die jaarlikse pensioendraende salaris
F (vir lede tussen ouderdom 65 en 75) Koste 3%	'n Enkelbedrag van 4,25 x die jaarlikse pensioendraende salaris plus lid se aandeel	Slegs lid se aandeel sal betaal word – geen addisionele dekking nie	Geen dekking nie
G Koste 0,6%	'n Enkelbedrag van 1 x die jaarlikse pensioendraende salaris plus lid se aandeel	Slegs lid se aandeel sal betaal word – geen addisionele dekking nie	Geen dekking nie

Let asseblief daarop dat die enkelbedrag-ongeskiktheidsdekking (vir kategorie A en B) met 1/12oste per maand verminder van ouderdom 55 en dat die dekking op 65 eindig.

Nou, een laaste vraag. Het jy begrafnisdekking? Die antwoord op hierdie een is eenvoudig JA. Alle bydraende lede jonger as 75 jaar en hulle onmiddellike familie het begrafnisdekking:

- Jy, jou gade en kinders ouer as 11 jaar het begrafnisdekking vir die bedrag van R50 000 elk.
- Kinders jonger as 11 jaar het begrafnisdekking van R20 000.
- Doodgebore kinders word ook vir R20 000 gedek, mits die swangerskaptermyn tussen 26 weke en die volle termyn was.

Belangrike feite om oor jou begrafnisdekking te onthou:

- Indien jy voor jou aftrede sterf, bly jou afhanklikes gedek totdat jy die ouderdom van 65 sou bereik het
- Indien jy vir 'n ongeskiktheidsvoordeel aansoek doen en die versekeraar keur jou eis goed, behou jy en jou afhanklikes die begrafnisdekking totdat jy die ouderdom van 65 bereik

- Jy het 'n repatriasievoordeel wat die vervoer van die stoflike oorskot van die oorledene na die plek van die begrafnis binne die grense van Suid-Afrika hanteer
- Die versekeraar vereis dat kennis van die eis binne ses maande ná die datum van afsterwe gegee word

VERANDERING AAN INTERNE ADMINISTRASIE LEI TOT GEWELDIGE KOSTEBESPARINGS

Soos in die vorige ledenuusbrief gemeld is, het die Trustees die fonds se administrasie geskuif sodat dit intern hanteer word. Wat was die voordele van hierdie kostebesparende oefening?

Verdere verbeterings aan kostebesparings vir lede se aftreevoordele.

Die Raad van Trustees het kostebesparings vir aktiewe en lewende-annuïteitlede geëvalueer. Die koste gemeld het vanaf 1 Julie 2020 verbeter.

Die kostebesparing vir aktiewe lede is hoofsaaklik die resultaat van die fonds wat hulle eksterne 13B-voordeeladministrateur se dienste beëindig het en 'n uiters vaardige en ervare interne administrasiegerief verskaf het. Ten opsigte van rand-besparings vir elke lid het dit die maandelikse administrasiegeld vanaf R44,38 tot R32,00 verlaag – 'n vermindering van 28%.

Die ad hoc- maandelikse fondsuitgawes het vanaf 0,23% tot 0,20% van pensioendraende salaris verminder.

Albei kosteverminderinge het dit moontlik gemaak om elke lid in staat te stel om meer vir aftreevoordele te spaar.

Die Raad van Trustees van die Fonds kon verder die In-fonds Lewende-annuïteit se maandelikse administrasiegeld vanaf R86,25 tot R25,00 verlaag – 'n massiewe vermindering van 71%. Ad hoc- maandelikse fondsuitgawes het vanaf R33,00 tot R25,00 verminder. Dit beteken dat elke annuïtant maandeliks meer geld in hulle annuïteit beleggingsprodukte behou.

Daar was 'n paar ander kategorieë lede wat ook effens kleiner fondsverminderinge ontvang het. Hierdie kategorieë lede was op 'n laekostebasis en die tariefaanpassings was dus kleiner.

Belangrike aantekeninge

Begunstigdenominasievorms

Maak asseblief seker dat jou besonderhede by die Fonds reg is. Jy kan dit op die CRF-app nagaan vir maklike verwysing. Indien jy jou begunstigdes wil verander, laai asseblief 'n begunstigdenominasievorm van die webwerf af, vul dit in en dien dit by support@crfund.co.za in. Die inligting behoort binne twee weke ná die ontvangs van u begunstigdenominasievorm bygewerk te wees. Kontak ons dus asseblief om te kontroleer of kontroleer dit self op die CRF-app.

'n Brief ter bevestiging van die verandering sal aan lede gestuur word.

Ons groeplewensversekering sal vanaf 1 Julie 2021 deur Sanlam hanteer word

Die Fonds herbeding koste van tyd tot tyd met versekeraars om seker te maak dat ons steeds die beste voordele vir lede teen die beste moontlike koste bied. Ná 'n onlangse hersiening van die groeplewensversekering het die Raad van Trustees besluit om die versekering vanaf 1 Julie 2021 vanaf Momentum na Sanlam te verskuif. Die Fonds se groeplewensversekering en begrafnisdekking sal vanaf 1 Julie 2021 by Sanlam wees.

Die rede vir die besluit was dat die huidige versekeraar as gevolg van 'n toename in eise 'n tariefverandering gevra het, maar die Fonds het onveranderde tariewe met Sanlam beding.

Geluk aan die wenners van ons kompetisie:

1ste prys van R20 000 in effektetrustbeleggings: Me. Norodi Nkosi – Stad Kaapstad

2de prys van R10 000 in effektetrustbeleggings: Mnr. Heinrich Delpont – Stad Kaapstad

Die volgende pryswenners het elkeen 'n CRF-pakkie ontvang:

3de Prys: Me. Johanna Maartens – Amathole Distriksmunisipaliteit

4de Prys: Velile Mlisana – Buffalo City Munisipaliteit

5de Prys: Ezzard Mckenzie – Pixley Ka Seme Distriksmunisipaliteit

Raad van Trustees: Mnr. SA Mokweni (Voorsitter), Mnr. JJ Wagner (Ondervoorsitter), Mnr. PJS Gouws, Rdsl. IR Iversen, Mnr. TA Loko, Rdsl. PJF Louw, Mnr. L Mbandazayo, Rdsl. C Meyer, Mnr. AM Owen, Mnr. ET Scott, Rdsl. SN Toni, Mnr. FA Willemse. Hoofbeampte Mnr. RC Wentworth

Posbus 4740, Tygervallei, 7536. CRF Gebou, 3de Vloer, Bridalslot 4, Tyger Falls, Bellville, 7530.

Tel: 0861 CRFUND (273863). E-pos: Support@crfund.co.za. WhatsApp: 021 915 3500. Webwerf: www.crfund.co.za
Registrasienommer vir Consolidated Retirement Fund for Local Government: 12/8/32689/2

Vrywaring: Die CRF aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, skade of onkoste wat as 'n direkte gevolg of uitvloeisel van vertroue op die inligting in hierdie dokument gely of aangegaan word nie. Indien enige geskil ontstaan, sal die werklike reëls van die Fonds voorrang geniet.